

## ST. PANTALEON

27 JULIE

(sterf 305)



Volgens oorlewering was sy vader 'n heiden maar is hy deur sy moeder as Christen groot gemaak. Hy bekwaam homself as geneesheer en was so begaafd dat hy deur keiser Maximianus 'n posisie aan die hof gegee is. In die anti-christelike en dekadente atmosfeer van die keiserlike hof verloor Pantaleon sy geloof. 'n Christen genaamd Hermolas bring hom egter terug na Jesus Christus en hy begin om sy dienste gratis aan die armes te gee. Hy neem sy geloof so ernstig op dat hy ook begin om sy besittings weg te gee en in die openbaar sy geloof te bely. Toe die vervolging van die Christene weer uitbreek is hy aangekla en vermoor. Hy is veral gewild in die Oosterse Kerke waar hy as een van die Veertien Heilige Helpers vereer word.